# Les 3 KONINGSKINDERS: ONS HOOR EN GLO GOD SE BOODSKAP IN SY WOORD

## 1. Die Bybel is God se boodskap aan Sy kinders

Kom ons lees ’n vers saam uit die Bybel*: “[13] Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys.”* (1 Tessalonisense 2)

Wat is ’n boodskap?

Kry julle elke dag by die skool by julle onderwysers boodskappe in Wiskunde of Afrikaans? Moet julle jul boodskap vir die dag by die skool leer? Nee, by die skool kry ons klas of les. ’n Mens kry ’n les as jy leer hoe iets werk. Ons noem dit nie boodskappe nie. Ons noem dit lesse.

Wat kry  mens as jy elke aand nuus kyk op die televisie of koerant lees? ’n Mens kry dan nuus. Om nuus te kry is iets anders as om ’n boodskap te kry. Om nuus te kry, beteken ’n mens hoor van alles wat ander mense gedoen het en wat met hulle gebeur het.

Wat kry ’n mens as jy na ’n film op TV of op DVD kyk? Dan kry ’n mens nie ’n les of nuus nie. Dan kry ’n mens ’n storie. Dit is sommer ’n verhaal oor die lewe van ander mense.

’n Boodskap is nie wanneer ’n persoon vir jou vertel hoe werk somme, of wat met ander mense gebeur het, of sommer ’n storie oor ander mense se lewens nie. ’n Boodskap is iets wat iemand spesiaal vir jou kom vertel, en daardie persoon glo dis belangrik dat jy dit moet weet; hy wil seker maak jy weet en verstaan presies hoe hy voel en wat hy bedoel.

Wanneer jou pa of ma met jou praat en so terwyl hulle praat, hoor jy dat hulle baie trots is op jou, bly is jy is hulle kind en hulle wil hê jy moet ook goed voel om hulle kind te wees – dan het jy die boodskap gekry van die woorde wat hulle vir jou sê.

| Die Bybel is God se boodskap aan ons as Sy kinders. |
|---|

## 2. God se Woord is nie mensewoorde nie

God se Woord is iets anders as mensewoorde. Kyk wat sê Paulus in 2 vers 13: die boodskap wat hulle aan hierdie mense gebring het, was nie mense se woorde nie. Dit was God se Woord.

Mensewoorde is wanneer mense praat en wys hoe hulle voel en wat hulle bedoel. God se Woord is wanneer God praat en God wys wat Hy voel en wat Hy bedoel.

Wat noem die Bybel hierdie boodskap waar God self met ons praat en ons hoor wat God se Woord vir ons sê?

Kom ons kyk na 1 Tessalonisense 3 vers 2. Kyk of julle die naam kan hoor van die boodskap van God – waar God self met ons praat en ons self kan hoor wat God sê: *"2 Ons het vir Timoteus, ons broer en medewerker in diens van God, wat saam met ons die evangelie van Christus verkondig, na julle toe gestuur om julle in julle geloof te versterk en moed in te praat"*

Wat verkondig hierdie dominees, Paulus en Timoteus? Hulle verkondig die "*evangelie van Christus*". Dit is die naam van God se boodskap: die evangelie van Christus. Hierdie evangelie van Christus is God se Woord waarmee Hy vir ons wys wat voel en bedoel God self. Dit is nie sommer net wat mense vir ons wys en sê nie.

**3. Die Woord van God gaan altyd oor Christus**

Die woord "evangelie" is 'n woord uit 'n ander taal, wat ons sommer so direk in Afrikaans oorgeneem het. Net soos ons weet "hamburgers en tjips" is Engelse woorde en "pizza" is 'n Italiaanse woord wat ons sommer ook in Afrikaans gebruik, net so is "evangelie" 'n woord uit die Griekse taal wat ons sommer ook gebruik.

Die woord "evangelie" beteken: die blye boodskap. Dit is God se blye boodskap aan mense. Alles wat Christus vir ons gedoen het en alles wat Christus vir ons gewys het wie Hy is – is God se Woord. Dit is die blye boodskap van God.

Waaroor gaan God se woord? Dit gaan oor wie Christus is en alles wat Christus vir ons gedoen het.

Wat is die boodskap wat ons in God se Woord hoor? God het ons lief en God sorg dat ons Hom ook kan liefhê.

| |
|---|
| Die Woord van God gaan altyd oor wat Jesus Christus vir ons doen. |

| |
|---|
| Die boodskap wat ons hoor in die woord van God oor Jesus Christus is – God het ons lief en Hy sorg dat ons Hom ook kan liefhê. |

Dit is waaroor die Bybel gaan. Dit gaan oor God se Woord. Dit gaan nie oor mensewoorde nie. Jesus Christus is God se woord. Alles wat Jesus Christus doen en vir ons sê, is God se boodskap. Die boodskap van God se Woord is – God het ons lief en Hy sorg dat ons Hom ook kan liefhê.

**4. Koningskinders hoor die Woord van God**

Kan julle onthou wat het ons geleer oor welpies? Hoe praat leeus met hulle welpies? Hulle praat met hulle in 'n supersoniese stem met sulke sagte, onhoorbare kreun-kreun-geluide. Net welpies kan hierdie geluide hoor. Geen ander dier kan hierdie leeutaal hoor nie.

Die evangelie is die Here se leeupraat met Sy koningskinders. Kyk weer na 1 Tessalonisense 2 vers 13 *" ... En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys ..."* Wanneer koningskinders hierdie Woord van God hoor oor alles wat die Here vir ons gedoen het, dan luister ons na die Woord van die Here en ons glo wat die Here vir ons sê.

Nes welpies daardie leeupraat hoor en daarna luister! Ons hoor en glo die boodskap wat ons hoor van alles wat die Here vir ons doen! Ons hoor die evangelie en ons glo die evangelie – die boodskap van God se woorde.

**5. Ander mense hoor die stem van God in enige geluid, omdat hulle hul verbeel**

Wat hoor ander diere in die veld? Hulle hoor die leeu as hy brul en dan is hulle deur sy krag en mag oorweldig. Maar hulle hoor nooit die woorde waarmee hy met sy welpies praat nie en kry nooit die boodskap van sy liefde nie.

Nou wat hoor hierdie diere die res van die dag as hulle nie die gebrul van die leeu hoor nie? Hulle hoor en sien die leeu in al die geluide en stiltes van die veld. Hulle verbeel hulle hulle hoor leeutaal in alles, maar dit is net hulle eie verbeelding.

Kyk maar na diere in die veld! Hulle loop die hele tyd en luister of hulle nie die leeu kan hoor nie. Hulle ore draai so die hele tyd na voor en agter en al in die rondte, terwyl hulle maak asof hulle rustig is en sommer net eet of loop. Maar intussen probeer hulle die hele tyd die leeu hoor in elke klein geluidjie.

En dan skielik begin hulle rondhardloop en bokspring omdat hulle glo hulle het in die wind, in die gras se geruis, in die geraas van die voëls of in die snaakse stilligheid van die veld – die leeu gehoor. Alles sommer net in hulle verbeelding!
Hulle eie verbeelding maak van al die geluide van die veld – die stem van die leeu.

Net so maak mense wat nie luister na die evangelie oor Christus in die woord van God nie. Kyk hoe wys die Bybel ons hoe werk hulle: *“[18] Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie.”* (Kolossense 2)

Hierdie mense luister nie na die Woord van God – Sy supersoniese stem waarmee Hy met Sy kinders praat, nie. Hulle luister nie na die woorde oor Christus in die Bybel nie. Hulle luister nie na die Bybel nie. Hulle luister na hulle eie verbeelding, nes al die diere in die veld dink hulle hoor die leeu in al die geluide van die veld.

Hulle kry sommer so vinnig ’n idee in hulle kop, sommer vinnig ’n gevoel in hulle hart, of hulle voel sommer skielik lus om iets te doen en dan glo hierdie mense hierdie idee in hulle kop, of gevoel of lus wat hulle het, is sommer ’n engel wat met hulle gepraat het, of hulle het ’n droom of idee wat God hulle gegee het.

Hulle dink hulle hoor God se Woord in hulle eie idees, gevoelens en luste wat sommer net hulle verbeelding is, soos diere alles hoor as die leeu se stem.

**6. Koningskinders laat hulle nie mislei nie**

Mislei is wat met die diere in die veld gebeur. Hulle dink hulle hoor die stem van die leeu in al die geluide of in die stiltes van die veld. Maar hulle hoor nie die sagte kreun-kreun waarmee leeus met hulle welpies praat nie.

Dink julle welpies moet ook so die hele tyd staan met hulle ore wat die hele tyd so in die rondte draai om hulle pa te hoor? Dink julle welpies hoor ook hulle pa se leeupraat in elke veldgeluid of stilte?

Nee, welpies draai nooit hulle ore so in die rondte en dink alles is dalk die leeu nie. Hulle weet hoe klink daardie sagte leeutaal waarmee die leeu met hulle praat. Daarom luister hulle na niks anders nie.

Mislei is wanneer diere dink hulle hoor die leeu in alle veldgeluide – welpies kan nooit so na die leeu luister nie.

Ons is koningskinders! Ons hoor die Woord van God in die Bybel. Ons hoor nie die woord van God as mense stories vertel oor hoe die Here met hulle in drome gepraat het, of hoe hulle met engele gepraat het, of hoe hulle sommer luskry om iets te doen, en dan sê dis God wat vir hulle sê hulle moet dit doen nie.

Ons is koningskinders! Ons luister na die Bybel en ons hoor wat Jesus Christus alles doen. Ons luister na die Bybel en ons hoor wie die Here Jesus is.

| |
|---|
| Ons hoor in hierdie woord oor die Here Jesus in die Bybel, die boodskap van God: God het ons lief en Hy sorg dat ons Hom ook mag liefhê |

Ons luister nie ander mense se drome, gevoelens, idees en belewenisse oor God, soos wat hulle sommer God se stem in alles om Hulle hoor nie. Ons hoor God se Woord in die Bybel oor alles wat die Here Jesus gedoen het.

**7. Opdrag**

Gaan vertel vir Pa, Ma of enige grootmens hoe hoor welpies hulle pa se stem en waarin hoor ander diere die leeu se stem – dan vertel julle vir hulle: net so hoor ons die Here se woord in die Bybel en nie in ander mense se drome, idees en gevoelens waarmee hulle hulle verbeel hulle hoor God se stem in alles nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog